

Welkom terug in die huis van die Smitte. Ons bid vir elkeen 'n suksesvolle, geseënde 2018 toe.

Ons 4 kon die Desember vakansie heerlik saam met Willem se broer, Ean, sy vrou, Helene en die 2 seuns, Willem en Hugo in Oos-London kuier. Met ons aankoms daar, het Johannes die skildery, geskenk deur Ann Gadd vir die Bybelverspreiding-fondsinsameling, aan Ean oorhandig. Johannes het Ean se wenkaartjie getrek. Die skildery is op 'n spesiale plekkie in hul huis opgehang en die tuinhanger wat Johannes help maak het, het buite teen die tuinmuur sy rus gevind.

Ons het die tyd nuttig gebruik om baie na die rivier en see te gaan. Vir Kersfees het Johannes 'n bootjie gekry waarin ons hom deur die rivier getrek het en waarin hy kon dryf terwyl die manne op die sand speel. Een oggend het ons die sandduine met die rolstoel aangepak om by die see uit te kom. Toe ons uiteindelik stokflou by die swemstrand aankom, begin dit reën. Gou-gou is Johannes met handdoeke toegegooi en moes ons die terugtog druiptert en papnat aanpak.

Ons kon ook heerlik saam met Ean hulle se vriende kuier en almal het genoeg aandag aan Johannes gegee. Uncle Tony en Johannes het 'n gedugte kaartpaar uitgemaak en meestal gewen tot groot vermaak van die gehoor. Uncle Kevin, het sy kosbare Chinese "voel"-speletjie vir Johannes geleen en ons vorder stadig maar seker met die voel van al die prentjies op die blokkies.

2018 het suksesvol begin met elke Versorger op sy plek. Johannes het ook 3 nuwe helpers bygekry. Isabel Greyling sal voortaan die Geskiedenislesse waarneem, Annalize Bergh doen die Biologie en aunt Helga Martin (oorspronklik van Duitsland) sal ons help met die Duits. Dankie aan almal wat help Versorgers soek (en vind) het. **Jean-Paul Satre het gesê: "Commitment is an act, not a word."**

Chris het weer vir Johannes kom haal vir die jaarlikse Hoërskool Strand Pretloop. Hulle was gelukkig om met 'n gelukkige trekking elkeen 'n Hoërskool Strand pet te wen. Dankie aan al die rolstoelstoters wat gehelp het.

Dankie ook aan Mason wat net voor die Desember vakansie vir Johannes 2 nuwe "off-road" buitebande tuis kom aansit het. Ook aan Thea-Rita wat weer heerlike gevriesde etes gestuur het. Dit maak saans se kosmaakery nadat die motor die hele dag op-en-af gery het, soveel makliker. Ons waardeer dit opreg.

#### **'n Paar oulike sêgoed deur Johannes die afgelope tyd:**

- Kan 'n mens ook die sonsondergang in die kombuis sien?
- Wat noem 'n mens 'n lewendige akademikus? (Hy is dan klaar gekis?)
- Watter soort water kan 'n mens nie drink nie? Aquafresh
- My stem was so 'n bietjie krapperig en Johannes vra: "Waar is jou volkslied?" (Die Stem = Volkslied)

#### **Gebedsversoeke:**

- Vir 'n suksesvolle, geseënde jaar in die Smit-huishouding
- Vir volgehoue geduld en energie (veral in die hitte en min water-tyd)
- Vir Johannes se algemene gesondheid en optimisme
- Vir elke Versorger vir positiwiteit en liefde

Ek groet met **Jer 17:7 en 8**: "Dit gaan goed met die mens wat sy vertroue in die Here stel, die mens vir wie die Here 'n veilige vesting is; so iemand is soos 'n boom wat by water geplant is en sy wortels na die stroom toe uitstoot, nie die hitte voel as dit kom nie en altyd groen blare het; 'n droë jaar raak hom nie en hy hou nie op om vrugte te dra nie."

Tot volgende keer. Anelé

## Foto's Vorderingsverslag 77



Johannes oorhandig die Bybelverspreiding skildery aan oom Ean in Oos-London

Johannes word oor die sandduine see toe getrek ...

... en teruggestoot in die reën



Johannes word in sy bootjie deur die rivier getrek

Johannes en uncle Tony was 'n gedugte-wen-kaart-span



Die Smit-familie voor ons seehuisie – Januarie 2018